## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

**WES-KAAPSE REGERING: DEPARTEMENT VAN GESONDHEID**
**UITNODIGING OM LEDE VIR DIE GEESTESGESONDHEID-OORSIGRAAD (WES-KAAP) TE BENOEM**
**Ingevolge artikel 20(2) a; b en c van die Geestesgesondheidsorgwet, 2002 (Wet 17 van 2002), nooi die Provinsiale Minister van Gesondheid hiermee belangstellende persone, partye, gemeenskapsorganisasies of groepe uit om 'n lid van die Gemeenskap in die Wes-Kaap te benoem om in 'n vakante posisie van 'n Geestesgesondheidsorg-praktisyn in die Geestesgesondheid-oorsigraad (Wes-Kaap) te dien.**

**Beskikbare posisies in die Geestesgesondheid-oorsigraad:**
**a) Geestesgesondheidsorg-praktisyn**
**b) Regsverteenwoordiger**
**c) Gemeenskapslid**

**Die Oorsigraad het die volgende magte en funksies:**
(a) Om appèlle teen besluite van die Hoof van 'n Gesondheidsinstelling te oorweeg;
(b) Om besluite te maak ten opsigte van ondersteunde en onvrywillige geestesgesondheidsorg, behandeling en rehabilitasiedienste;
( c) Om oorsigte te oorweeg en besluite te neem oor ondersteunde en onvrywillige geestesgesondheidsorggebruikers;
(d) Om 72-uur-assessering te oorweeg wat deur die Hoof van die Gesondheidsinstelling gemaak is en besluite te neem om verdere onvrywillige sorg, behandeling en rehabilitasiedienste te verskaf;
(e) Om aansoeke vir die oorplasing van geestesgesondheidsorggebruikers na maksimumveiligheidfasiliteite te oorweeg; en
(f) Om periodieke verslae oor die geestesgesondheidstatus van gevangenes wat geestelik siek is, te oorweeg.

**Die volgende is die maatstawwe waaraan die benoemde moet voldoen:**
**a) Geestesgesondheidsorg-praktisyn:**
Moet 'n geregistreerde: psigiater/ mediese praktisyn/ verpleegkundige/ arbeidsterapeut/ sielkundige of maatskaplike werker wees wat opgelei is om voorskriftelike geestesgesondheidsorg, behandeling rehabilitasiedienste te verskaf.
**b) Regsverteenwoordiger:**
Moet 'n landdros, prokureur of advokaat wees: Hierdie benoemde moet geregistreer wees ooreenkomstig die wette van die Republiek van Suid-Afrika wat hul aanstelling as 'n landdros, prokureur of advokaat bepaal. Hierdie spesifieke benoemde moet verkieslik 'n mate van kennis hê van die Geestesgesondheidsorgwet, 2002 (Wet 17 van 2002) en die begeleidende Regulasies asook 'n sterk agtergrond in administratiefreg en konstitusionele reg.
**c) Gemeenskapslid:**
Moet 'n inwoner wees van die gemeenskap binne die Provinsie Wes-Kaap en dit sal ook voordelig wees as die benoemde 'n mate van ervaring of belangstelling in die Geestesgesondheidsorg-vakgebied het.

d)Al die benoemdes moet Suid-Afrikaanse burgers wees;
e) Moet uitmuntende mondelinge en skriftelike vaardighede hê en die vermoë om aangeleenthede van 'n ingewikkelde aard te verstaan;
f) Die benoemdes moet beskikbaar wees om sy/haar pligte uit te voer gedurende kantoorure Maandag tot Vrydag en weekliks vergaderings by te woon.
g )Lede van die Raad moet beskikbaar wees om 15 tot 20 uur per week te werk.
h) Lede van die Raad moet 15 uur minimum per week kan werk.

**Enige persoon, gemeenskapsorganisasie of groep wat benoemings maak asook benoemdes moet die volgende inligting verskaf aan die departementele beampte wie se besonderhede hieronder verskyn:**
* Neem asseblief kennis dat die Departement spesiale benoemingsvorms ontwikkel het wat persone sal help om al die vereiste inligting oor 'n benoemde te verskaf. Hierdie vorms is verkrygbaar by me. B Beukes by Bianca.Beukes@westerncape.gov.za (021 815 5749).
* Die volle naam en adres van die persoon, gemeenskap of organisasie wat die benoeming maak;
* Motivering vir die oorweging van die benoemde as geskik vir die pos;
* Die volle naam en adres van die benoemde;
* 'n Ondertekende afskrif van die benoemde se curriculum vitae;
* 'n Verklaring deur die benoemde van sy/haar bereidwilligheid om as 'n lid in die Raad te dien.

***Benoemingsvorms moet gestuur word aan: Mnr. N Mavela, Direkteur: Professionele Ondersteuningsdiens; Telefoon (021 483 3316 ); E-pos: Bianca.Beukes@westerncape.gov.za (021 815 5749)***

**Let asseblief op die volgende:**
* Die Provinsiale Minister van Gesondheid is die gesag wat aanstellings sal hersien.
* Oorsigraad-aktiwiteite en -vergaderings vind gewoonlik plaas by die kantore van die **Oorsigraad** op die perseel van Lentegeur-hospitaal in Mitchells Plain, maar daar kan van lede verwag word om na ander sentrums in die Provinsie Wes-Kaapse te reis;
* Oorsigraad-lede word teen 'n uurlikse tarief vergoed en vergoed vir reisuitgawes insluitend die reis vanaf die huis tot by die kantoor ooreenkomstig vasgestelde tariewe. Wanneer lede van die Raad van die huis weg moet wees as deel van hul verpligtinge, word reis- en verblyfonkoste betaal teen dieselfde tariewe soos vir staatsamptenare in die Wes-Kaap.
* Die aanstelling sal gemaak word met behoorlike inagneming van kwessies soos geslag en gelykheid.

* **Die sluitingsdatum vir alle benoemings is: 25 February 2022**